**WOENSDAG 4 MAART**

**SKRIFGEDEELTE: HANDELINGE 18**
**FOKUSGEDEELTE: HANDELINGE 18:8**

## Crispus – Soms moet jy kies ... met verreikende gevolge

’n Hoof van ’n sinagoge het verskeie pligte gehad, onder andere leiding neem in die ge-meente; die keuse van wie toegelaat is om in die sinagoge te bid en die Skrif te lees, en die vermaning van lidmate; en om seker te maak dat die regte prosedures en wette by gemeentes waargeneem word. Dus ’n man met invloed, ’n leiersfiguur na wie mense opgesien het.

Dan is daar egter Crispus, die hoof van die sinagoge in Korinte, en sy gesin. *Binne watter konteks van die Here se raadsplan staan hierdie sinnetjie in vers 8?* Paulus was op daardie stadium in Korinte en hy het al sy tyd bestee aan die prediking om die Jode daarvan te oortuig dat Jesus die Christus is, maar hulle het aangehou om hulle te verset en en om hom te beledig. Crispus se taak was om die orde te handhaaf. Dit te midde van mense wat onverbiddelike tradisionaliste was. Dit het vir hom al moeiliker geword om binne die eng moets en moenies van die Ou Testament te bly.

Die onrus bring mee dat Paulus geforseer word om die sinagoge te verlaat en om sy werk in die huis van ’n godvresende man met die naam Titius Justus, net langs die sinagoge, voort te sit. Toe kon Crispus ook nie verder nie. Hy maak die keuse om ’n goeie, suksesvolle loopbaan prys te gee ter wille van Jesus Christus.

Die waarskynlike gevolg was dat baie ander mense in Korinte wat die boodskap gehoor het, gelowig geword en gedoop is. Crispus kon die wêreld wen, dog aan sy siel skade ly, maar toe maak hy die regte keuse, hy en sy huis.

Het jy al voor so ’n ingrypende besluit te staan gekom?

*Sing: Lied 523:1-4*

*Ds. JH (Jan) Venter (Venterstad)*